DEEL 115 | WEEK 32 | 11 AUGUSTUS 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# OK HEILBRON GEE TERUG




Met die drastiese styging van brandstof- en voedselpryse, is dit nie net Heilbronners nie, maar ervaar die hele Suid-Afrika 'n uitdagende tyd wat almal finansieel onder druk plaas.

Juis dit het OK Foods Heilbron die besluit laat neem om terug te gee aan die gemeenskap. Die OK bied met hierdie geleentheid vir gelukkige kopers in die gemeenskap van Heilbron en die omliggende dorpe om weekliks 'n koopbewys van R2 000, R3 000 of selfs R5 000 te wen. Daar sal ook maandeliks 'n gelukige wenner van R10 000 wees.

Pieter Pienaar, bestuurder van OK Foods sê dat die inisiatief hulle manier is om terug te gee aan die gemeenskap in die huidige ekonomiese omstandighede. Hy het verduidelik dat terwyl die druk op die begroting van mense toeneem, die OK personeel 'n diep begrip het vir die struikelblokke wat die gemeenskap ervaar.

Met dit in gedagte, het OK besluit om 'n waardevolle beloning aan sy getroue kliënte te bied. Die geleentheid om weekliks hierdie koopbewyse te wen, is opwindend en kan 'n groot verskil maak in die lewens van Jan-alle-man. Om in aanmerking te kom, moet kliënte slegs 'n minimum bedrag van R200 by die Heilbron se OK Foods, Express of Liquor bestee en hul OK klubkaart by die betaalpunt inlees. Die bestuur van Heilbron OK het 'n bedrag van R200 000 van hul eie kapitaal beskikbaar gestel om hierdie teruggee-inisiatief moontlik te maak. Dit is belangrik om te beklemtoon dat gelukkige kliënte nie net een keer kan wen nie, maar dat daar elke week 'n nuwe kans is om hierdie waardevolle pryse te wen. Hierdie betrokkenheid is 'n duidelike bewys van die OK se toewyding aan die gemeenskap se welstand en welvaart.

Die geleentheid is geldig vir die volgende 20 weke en skop af op 18 Augustus 2023.













# Ngwathe elektrisiteitskrisis – Minister gee koue skouer

"Die Vryheidsfront Plus deel die uiterste frustrasie wat Parysenaars tans beleef weens kritieke tekorte aan elektrisiteitsvoorsiening deur die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit wat weer water krisisse tot gevolg het," sê raadslid Phillip van der Merwe. Parysenaars moet tans in sommige areas tot 11 dae aaneen sonder water klaarkom en kragtoevoer word gereeld vir ure aaneen onderbreek omdat die munisipaliteit gedwing word om benewens Eskom se beurtkrag ook interne lasbeheer te moet toepas.

"Ons as raadslede word eenvoudig nie ingelig oor die oorsake van die huidige krisis nie en word ook nie deur die ANC meerderheidsregering geleentheid gebied om insette te bied wat die probleme kan oplos of minstens verbetering kan bring nie. Sulke insette is alleen moontlik wanneer die munisipale werkskomitees sit wat tans, ten spyte van ons volgehoue aandrang, eenvoudig nie gebeur nie," sê hy verder.

Omdat die party die omvang van die probleme en die onaanvaarbare antwoorde en samewerking wat plaaslik ervaar word nie net begryp nie, maar ook betreur, het die party se verantwoordelike LP, Me Tammy Breedt, reeds sedert 13 Julie 2023 by die Minister van Waterwese begin aandring op ingryping vanuit nasionale vlak om die kwessies aan te spreek en verskeie vrae gerig wat spruit uit die besoek wat die minister 'n tydjie gelede aan die Parys waterwerke gebring het om oplossings te ondersoek. Groot was die party se verbasing egter toe die minister eenvoudig geantwoord het dat die vrae nie tans beantwoord sal word nie, maar gevra kan word tydens die volgende parlementêre sitting se vraetyd program.

"Die volgende parlementêre sitting waar vrae hanteer kan word is egter eers in September vanjaar en dit is totaal onaanvaarbaar gegewe die huidige krisis," sê Me Breedt. Sy het gevolglik weer aan die minister geskryf om ernstig beswaar teen die onbevredigende antwoord te maak en het ook nou die kwessie verder geëskaleer na beide die Minister van Elektrisiteit en die Adjunk-President self.

Die kwessie is ook op provinsiale vlak opgeneem waar die lid van Vryheidsfront in die Provinsiale Wetgewer, Mnr Armand Cloete, dit aangeroer het met die Premier met 'n versoek om provinsiale ingryping. "Ngwathe se wanbestuur en onvermoë om die huidige krisisse, wat nie net tot Parys beperk is nie, om te keer is nie haalbaar op plaaslike vlak nie en sal alleen met provinsiale of nasionale ingryping aangespreek kan word," sê raadslid Van der Merwe verder." Die Vryheidsfront Plus sal volhou om alle moontlike kanale te gebruik om aan te dring dat die provinsiale en nasionale regerings die pligte wat wetgewing in diesulke omstandighede op hulle plaas nakom en nie 'n koue skouer na inwoners van Ngwathe draai nie," voeg hy by.

# Heilbron kragonderbrekings raak 'n krisis

"Probleme met 'n Eskom skakelaar wat nie aanskop wanneer beurtkragtye verstryk nie, is besig om 'n krisis in Heilbron te veroorsaak. Maandagnag moes toevoer na beurtkrag om 22:00 herstel word, maar dit is uiteindelik eers teen 00:07 Dinsdagoggend gedoen. Dinsdagoggend moes toevoer volgens die skedule teen 05:00 hertel word, maar dit is eers teen 07:15 aangeskakel," sê VF Plus raadslid Phillip van der Merwe.

Die probleem spruit uit 'n skakelaar van Eskom wat nie met afstandbeheer wil funksioneer nie en telkens meebring dat 'n tegnikus van Frankfort na Heilbron moet reis om die weerspandige skakelaar met die hand te kom aanskakel. "Eskom het kennis gegee dat onderhoud aan die substasie op 16 Augustus 2023 gedoen sal word wanneer kragtoevoer basies heeldag afgeskakel mag wees. Ek vertrou dat Eskom wel beplan om die betrokke skakelaar tydens die proses te vervang. Dit is vir my onmoontlik om navrae daaroor te doen of duidelikheid te bekom omdat Eskom se beleid sy amptenare verbied om direk met raadslede oor probleme te praat," sê hy verder.

Raadslid Van der Merwe poog wel om antwoorde via die hoof van Ngwathe elektrisiteit te bekom. "Die probleem moet dringend opgelos word want dit veroorsaak krisisse vir mense wat van suurstof afhanklik is benewens die ontwrigting wat dit in die algemeen vir verbruikers meebring."

Heilbron se probleme met krag is egter 'n "vulletjie" wanneer dit vergelyk word met wat tans in Ngwathe buurdorp Parys ervaar word. (Sien berig elders). "Die feit dat Ngwathe deels weens wanbetaling deur verbruikers, krag diefstal en wanbestuur nie eers Eskom se maandrekening kan diens nie en sy skuld tans na bykans R1,8 miljard opgeloop het, maak dit eenvoudig onmoontlik vir raadslede om druk op Eskom te plaas wanneer Eskom self gebrekkig presteer," sluit raadslid Van der Merwe af.

# AfriForum se Heilbron-tak kikker Kerkstraat op



Die AfriForum-tak in Heilbron het 'n kontrakteur aangestel wat deur 'n lid van die gemeenskap betaal word en een dag per week werk. In Julie het hulle op Kerkstraat gefokus. Die gras aan die kant van die straat is netjies gesny, die plaveisel is skoongemaak, die middelmannetjies is skoongemaak, vullis is opgetel - ook in die oop erf op die punt, die pale van die stoptekens is geverf, die randstene word geverf en die bome is gesnoei.

Die tak vra ook die gemeenskap om 4 November in die oor te knoop, want dan gaan daar gholf gespeel word. Jy kan saam met Gerrie Nel, hoof van die Privaat Vervolgingseenheid, Raymond Hohls, hoof van Veiligheid of Corné Cronjé, Struktuurhoof, almal by AfriForum, gholf speel. Dit belowe om 'n heerlike, gesellige dag te wees met lekker pryse.

"Dit is lekker dat die tak op hierdie manier 'n verskil in Heilbron kan maak. Dit sal egter nog beter wees as elke lid van die gemeenskap aktief betrokke raak, dan kan ons die dorp in 'n week weer in sy ou glorie herstel," sê Alta Pretorius, AfriForum se streekskoördineerder in die Mooirivier-streek. Raak by Heilbron se AfriForum-tak betrokke en help om jou omgewing beter te maak. Kontak Paul Berg by 081 354 3073.

# UIT DIE PEN: *Week 32 van 2023*



**Keuses. Keuses. Keuses.**

As daar net een soort swietie op 'n winkelrak was, sou dit my lewe soveel beter gemaak het. Maar natuurlik is dit nie waarvoor almal sou lus wees nie. Daar is iets vir die sjokolis, as jy vegan is, of vegetaries, kosjer of halaal, dan is daar een vir mense wat laktose nie kan verdra nie.

Wat my laat dink aan iemand wat altyd gesê het dat sy nie melk kan drink nie want sy is lêktous. Jy is wat? Wou ek weet. Sy is lêktous. Tot ek agtergekom het dat sy laktose intolerant is. Dis steeds die enigste mens wie ek ken wat nie melkprodukte kan eet nie.

Ek vat net bloot die pakkie van die rak af indien dit lyk na dit waarna ek op soek is. Vir ander is dit 'n groot ervaring: is daar melk of soja of vleis of neute in? Het dit deesdae aspartaam (ek kan dit op 'n afstand uitken!) of xilitol of rietsuiker in? En so kan ek aangaan.

Die hele dag bestaan uit keuses. Sommige groot keuses en ander klein keusetjies waaraan jy nie eers dink nie.

Daar is net soveel geld in die huis. Waarop spandeer ek dit? Nog 'n afgelewerde ete of my kind se skoolfonds? 'n Tenk brandstof of nuwe onderklere? 'n Haar sny of versekering?

Onlangs was iemand saam met wie ek werk in 'n klein motorongeluk. Haar voorste buffer was ietwat ingeduik en die persoon teen wie sy vasgery het, het ook 'n kleinerige herinnering op haar agterste buffer opgedoen. Die kennis was in 'n platdwarrel (dis mos Afrikaans vir "flat spin"). Ek spring gou in my kar om te gaan kyk of ek kan help, dit was nie eers twee kilometer van ons kantore af nie.

Kennis is in trane, bewe van die skok. My eerste vraag, soos 'n goed opgeleide volwassene was: Het jy versekering?

Nee, niks. Maar Kennis dra ontwerper skoene, het 'n Louis Vuitton handsakkie, en doen net inkopies by daardie swart winkel met die groot W.

Maar hoe nou? Dit was dalk die keuse wat aanloklik gelyk het: W-kos in plaas van motorversekering. Nou ja, sommige mense kies die ene wat ek nie sou kies nie.

As 'n toegif sê sy dat sy darem huisversekering het. Wel, een ding minder om oor bekommerd te wees. Maar dis dalk net ek wat so dink.

'n Ander persoon moes kies tussen skoolfonds en 'n nuwe rekenaarskerm vir haar kind se speletjies rekenaar. Vir hulle was die keuse maklik, en vir my ook. Ek sou die skoolfonds gekies het. Hulle het 'n nuwe rekenaarskerm gekoop.

Keuses. Keuses. Keuses.

En dan, die moeilikste van dit alles.

My gryse ou ma se broer het nog nie ophou werk nie, alhoewel hy al sewe jaar gelede kon aftree. As gevolg van iemand anders wat hom vir die wolwe gegooi het, moet hy aanhou werk. Moontlik tot die dag wat hy sy laaste kosblik werk toe gaan vat en net nooit weer gaan terugkom huis toe nie.

Om alles te kroon, het sy vrou siek geword. Sy was 'n pragtige vrou, die matriarg van die gesin. Sy het almal met 'n ysterhand beheer en bestuur. Sy het omtrent al die gesinsbesluite geneem. Soms ten goede, soms nie. Ek weet nie eintlik nie, want ek was nog klein.

As kind was ek ook bang vir haar, want sy het ook Die Kyk gehad, soos my gryse ou ma.

Sy het 'n wilgerlatlyfie gehad, haar hare was pragtig gedoen en haar vel fyn soos porselein. Sy het die mooiste klere gedra. Minimale grimering, want sy het dit nie nodig gehad nie.

Twee jaar gelede is sy gediagnoseer met Alzheimer se siekte. Toe ek haar verlede jaar sien, was ek stomgeslaan: die pragtige vrou met die mooi, lenige lyf, is brandmaer. Sy ken my soms. Sy onthou darem my ma. Sy gee ons nog Die Kyk. Daardie dag het my ma nie haar gehoorapparaat ingesit nie. My tannie en my ma het die heerlikste kuier gehad: my ma kon nie hoor wat my tannie sê nie en my tannie het nie geweet wie of wat my ma was nie. En so het hulle die hele middag gekuier.

Ek het haar Sondagaand weer gesien. Ek was stomgeslaan. Haar vel was vaal en haar gesig was afgerem. Haar hare was onversorg, want niemand mag haar help nie. Toe ek haar badkamer toe neem, weet sy nie wat om te doen nie. Sy ken my nie, sy herken nie my ma nie. Sy het nog Die Kyk. Sy dink haar man het 'n verhouding met sy suster omdat hy haar soengroet.

So hartseer.

Ek praat met my oom: Ek sê vir hom dat dit tyd is. Hy is ook moeg. Hy moet haar elke aand bad, haar aantrek en haar hare mooi droog blaas. Hy vat haar om haar naels te laat doen. Hy gee haar elke oggend pap en 'n piesang. Hy koop elke middag vir haar 'n gesonde toebroodjie en saans maak hy vir haar kos. Hy help haar om toilet toe te gaan.

Dis tyd. Hy mag maar die keuse maak om haar na 'n instansie toe te vat wat elke oomblik van elke dag na haar sal kyk. Haar sal voer, na haar persoonlike higiëne om te sien en haar sal koester, soos wat hy doen. Maar hy sal kan werk sodat hy dit kan bekostig.

Dis nie 'n skande om die beste besluit vir jou of vir iemand anders te neem nie.


Vandag se les is om al die veranderlikes in ag te neem en dan die regte besluit te neem. Of dit is om korttermynversekering uit te neem of om hard te werk sodat jou vrou versorg kan word in 'n instansie.

Dit maak nie saak nie.

Elke dag het keuses. Maak seker dat jy vandag die regte keuse maak. Want jy sal daarmee moet saamleef.

Niemand anders nie.

# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

With spring around the corner and Asparagus in season, it's the perfect time to try your hand at this very easy and delicious savoury tart. This tart brings back fond memories from my childhood, as this was one of my mom's favourite tarts to prepare for lunch. Over the years I have made some adjustments, but the idea of a cheesy crust with a creamy smoky filling stays the same.

**Green asparagus, bacon and mushroom tart with a parmesan crust**
Preparation time – 1:30 hours
Cooking time – 30 minutes
Serving – 4 – 6 people

**Ingredients for the Asparagus tart filling**
500g green asparagus, cleaned and woody stems trimmed
150g streaky bacon, chopped
1 large brown onion, chopped
2 cloves garlic, chopped
2 cups mixed mushrooms, chopped
2 cups spinach, roughly chopped
1 teaspoon chilli flakes
Pinch nutmeg
2 tbs butter
4 large eggs
250 ml cream
250ml milk
2 teaspoons salt and pepper, or to taste

**Ingredients for the parmesan crust**
2 & 1/3 cups cake flour
230g cold butter, cubed
1 teaspoon sugar
1 teaspoon salt
1 cup grated parmesan (cheddar will also work)
¼ - ¾ cups ice water

**Method for the parmesan crust**
Add the flour, salt, sugar and cheese to a food processor and pulse the blend for 10 seconds. Now add the butter and process until the butter and flour resembles coarse breadcrumbs. Now add the water a tablespoon at a time and process until the pastry just starts to come together. Remove the pastry from the processor, press it into a ball, wrap and refrigerate for at least 30 minutes before using.

**Method for the asparagus tart filling**
Heat a pan over medium heat. Now add the butter. Once the butter is melted, add the onions, garlic and bacon. Fry over medium heat until the onions are soft, about 2 minutes. Now add the mushrooms and cook for 1 to 2 minutes. Add the spinach leaves and mix well for the spinach to wilt. Season with salt and pepper and add the chilli flakes and nutmeg.
In a separate mixing bowl add the eggs, cream and milk. Whisk well and season with salt and pepper. Set aside.

Preheat your oven to 180 degrees
Spray a loose bottom tart pan with nonstick spray. Now remove your pastry from the fridge and roll it out on a floured surface. Your pastry should be about 3 mm thick. Roll your pastry onto your rolling pin and roll out over your tart pan. Line your tart pan with the pastry. Make sure there are no cracks. Line your crust with foil and add baking beans/weights and blind bake the crust for 15-20 minutes or until the crust is set. Now remove the foil and baking beans/ weights from the crust and brush the inside of the crust with egg wash and bake for another 15-20 minutes until the crust is golden. Remove from the oven and let it cool.

**Turn oven to 160 degrees**
Place your onion and bacon filling evenly in the bottom of your baked crust. Now arrange your asparagus on top of your onion filling. Pour over your egg custard. Leave a little of your crust exposed to make sure the custard would not overflow. Place your tart on a baking tray and place in the oven. Bake for 30 - 40 minutes or until just set in the middle. It should be a little wobbly. Place your tart in the fridge to cool down.

**How to serve**
Serve your tart at room temperature with a fresh salad on the side and some shaved parmesan.
**Chefs note:**
Tinned white asparagus will work just as well.

# LETTERS FROM OUR READERS

My name is Ntombi Motsoane, last year I wrote my last exams for my studies and by God's grace I passed. This year I got a notification that I passed and was invited to the graduation congregation in the Mosaic theatre in Johannesburg (MANCOSA). I called my mentor Dr. Jerry Mofokeng that am going. To graduate at that point, we started discussions about the possibility of a graduation celebration for myself in Heilbron and it had to be a different one, a celebration with a difference. Between my family (Motsoane) and Makhetha's family, we decided and prayed to put together a celebration with a difference, a celebration that's not about me but about the HOPE, a celebration about people in Heilbron so that after the celebration that those who were already graduated can be celebrated and those who are still in school can be inspired to be celebrated later in life. It was not easy, the finances were tight and we came up with a new culture of "gazate" or contribution instead of the host paying for everything, we were going to call family, friends and all those around us to say help us celebrate, we put our pride aside that's, what happened. The date near, the butterflies that had run, we just remained resilient. My husband Pastor Steven surprised me in that celebration and renewed our vows as we are celebrating 17 years this year in marriage by God's grace. WOW what a nice surprise, I was so nervous. I don't know how he got all the resources, but he managed to get me a beautiful dress, I really thank God. People were so inspired saying "Ntombi stopped traffic in Heilbron." You know how much the traffic in Heilbron is, especially during month end but we managed to march through the streets of Heilbron with our drum-majorettes and continued to be the talk of the town. I thank God for me, this was the beginning of hope for Heilbron. I look forward to the partnership of people in this town to realise this HOPE with Career Expo to our people in churches, in our schools and the community.
More than everything, thank you to my Husband Steven, Ntate Jerry and Mama Claudine, my family Ausi Bobo, Nkosana, Ausi Nthabiseng, Nana, Dalene and my Restoration Church congregation. All the people who supported us: Traffic department, SAPS, Phiritona High School and the Herald newspaper.

*To God be the Glory!*















HERALD

# Hoërskool Heilbron Top Presteerders

























# Wilgies open Landbousentrum

Hoërskool Wilgerivier is vol trots, en is bly om aan te kondig dat hul splinternuwe Landbousentrum nou in volle werking is. Die skool bied vanaf 2023 al drie moontlike Landbouvakke aan vir graad 10 tot 12, naamlik: Landbou Tegnologie, Landbou Bestuurspraktyk, en Landbouwetenskap. Graad 8 en 9 leerders neem Landboustudies as 'n verpligte vak, ter voorbereiding van die Landbourigtings daarna.

Hulle beplan ook om die tonnels langs die Sentrum te gebruik om groente te produseer, wat weer aan die koshuise en ander verbruikers verkoop sal word om die boerdery winsgewend te bestuur.

Die skool bedank VKB en verskeie landbouverwante besighede wat hulle ondersteun met insette en bedryfsuitgawes wat aangegaan was, asook vir Wilgechem, wat 'n groot borg vir die Landbousentrum gegee het. "Ons het groot waardering daarvoor. Die skool en beheerliggaam bedank ook Maximus Konstruksie vir die bou van die Landbousentrum. Leerders en personeel sien uit na wat die toekoms inhou, en is opgewonde oor die geleentheid om leerders se kennis van landbou te verdiep en te groei. Hierdie nuwe Landbousentrum bied geleenthede vir leerders om praktiese ervaring op te doen en hul passie vir landbou te ontdek en te ontwikkel. Dit is 'n plek waar kreatiwiteit en innovasie in landbou deur middel van tegnologie en wetenskap aangemoedig word. Die samewerking en ondersteuning van VKB en ander landbou-ondernemings is van onskatbare waarde. Hierdie vennootskappe skep geleenthede vir samewerking en uitruiling van kennis tussen die skool en die landboubedryf.

Die skool sien uit daarna om die Landbousentrum ten volle te benut en die leerlinge se landbouvaardighede na nuwe hoogtes te neem.




*Op die foto bo vl: Koos Engelbrecht, Casper Swarts, SW Graaf (BL Voorsitter), Petri Muller, Qutin Antunes en Ferdi Roodt.*



*Op die foto links: Paul van Wyk (Wilchem), SW Graaf (BL Voorsitter) en Hennie Pelster (Skoolhoof)*




## Aangestel as Departementshoof



*Hoërskool Heilbron wens graag vir juffrou Elsabe van der Merwe geluk met haar aanstelling as Departementshoof van die Senior en VOO Fases. Sy neem reeds die afgelope 18 maande waar in hierdie pos en is deur die Departement van Onderwys nou amptelik aangestel as Departementshoof.*

EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
AARTAPPEL & PREI SOP!
Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99

HERALD Sport

# Willem op die wenpad

Willem Loots is meer bekend vir vinnige karre en graansilo's. Hy het Saterdag hierdie opinie van hom 'n knou gegee. In perfekte speel toestande hou hy kop en speel twee houe beter as sy voorgee om eerste te eindig tydens die HBA maandbeker kompetisie. Die vorige week moes gholfers vlug vir vlamme en baie sterk wind. Die winter setperke is steeds 'n uitdaging en slegs Willem kon beter as sy voorgee speel. Johan Weilbach wat nou semi-professioneel vakansie hou, was tweede met 73 netto. Pieter van Staden, ook 'n man in die graan berging bedryf, eindig derde op 74. Die bestuur was baie dankbaar vir die goeie opkoms tydens die Boeretreat. Die dag is een van hulle belangrikste bronne van inkomste elke jaar. AfriForum bied ook vir die eerste keer op Heilbron 'n gholfdag aan saam met die baie bekende adv. Gerrie Nel wat die gasheer sal wees. Jy gaan ongelukkig 'n paar Luiperds moet laat glip as daar saam met hom gespeel wil word.

Môre is dit gewone spel vanaf 10:30.



*Die bestuur het onlangs 'n lam uitgeloot van die welbekende Hilltop SAVM stoet. Kaartjies is verkoop en daar is sowat sesduisend rand ingesamel. Die gelukkige trekking was Saterdag gehou en Ruben Tau was die gelukkige wenner. Saam op die foto is Pieter van Staden, bestuurslid wat die trekking gedoen het.*



*Verlede week se pryswenners vl: Pieter van Staden, Willem Loots en Johan Weilbach.*

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 2023-08-05 het lede van Kransfontein Resiesduif Klub vanaf Richmond die Jaaroud Kampioenskap en Ope Wedvlug gevlieg. Die duiwe is gesamentlik gelos om 07:30 en het oor 'n afstand van 591 kilometer gevlieg terug na Reitz.

Die Jaaroud wen duif is om 15:19 geklok.
1. Heine Resiesduif Hokke, 2. Liefde Hokke B, 3. Du Plessis Hokke, 4. Du Plessis Hokke, 5. Du Plessis Hokke, 6. Spartan Pigeon, 7. Du Plessis Hokke, 8. Du Plessis Hokke, 9. Du Plessis Hokke, 10. Heine Resiesduif Hokke.

Die wen duif op die Ope wedvlug is om 15:21 geklok.
1. Du Plessis Hokke, 2. Spartan Pigeon, 3. Spartan Pigeon, 4. Heine Resiesduif Hokke, 5. Spartan Pigeon, 6. Spartan Pigeon, 7. Du Plessis Hokke, 8. Wolmarans Hokke, 9. Heine Resiesduif Hokke, 10. Spartan Pigeon

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Hanover.





*Op die foto staan Herkie Swart met nommer 0673 van Heine Resiesduif Hokke wat die Richmond Jaaroud Kampioenskap met 24 sekondes gewen het. Op die ander foto is nommer 15796 van Du Plessis Hokke wat die Richmond Ope vlug met 21 sekondes gewen het.*

# Heilbron duiwe nuus

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Hanover oor 'n afstand van 540km. Dit was mooi weer en die wenduiwe se gemiddelde spoed was 80 k.p.u. Damie Stemmett het die jaaroud wedvlug gewen en Dries Cilliers die ope wedvlug. Dit was ook die klub se Derby wedvlug vir die jong duiwe en is deur Stemmett Hokke gewen.

**HANOVER JAAROUD**
1. Stemmett Hokke, 2. F Viviers, 3. D Cilliers, 4. D Cilliers, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Zenith A, 8. F Viviers, 9. Stemmett Hokke, 10. IJ Lofts.

**HANOVER OPE**
1. D Cilliers, 2. D Cilliers, 3. Stemmett Hokke, 4. Zenith B, 5. Stemmett Hokke, 6. D Cilliers, 7. D Cilliers, 8. Stemmett Hokke, 9. F Viviers, 10. Zenith B.

# Sasolburg kom amper kuier

Die einde van die maand kom Sasolburg Rolbalklub op Heilbron speel. Dit is 'n instelling wat laas jaar ontstaan het en daar word vir 'n beker tussen die klubs gespeel. Heilbron hou op hierdie stadium die beker en Sasolburg sal alles in hulle vermoë doen om die beker huis toe te vat. Daar gaan lekker gekuier word na afloop van die spel.

Die afgelope naweek het ons fantastiese weer vir rolbal gehad en daar het 8 spelers opgedaag om mekaar die stryd aan te sê. Bennie Steenkamp begin lekker speel en is verseker iemand om dop te hou. Ons hoop die baan is Saterdag vol om te oefen vir die Sasol dag.


Hoërskool Heilbron

FINEM RESPICE

KLEREWINKEL:
GOEIE BESIGHEIDSGELEENTHEID

Hiermee nooi Hoërskool Heilbron die gemeenskap uit om 'n voorlegging aan die Beheerliggaam te maak om die klerewinkel oor te neem. Noem in u voorlegging hoe u beplan om die voorraad oor te neem, beoogde winsgrens, kwaliteitsbeheer ens.

Sluitingsdatum 31 Augustus 2023 om 12:00

VIR ENIGE NAVRAE KONTAK:
Mev M van Zyl * 084 597 4661
Mnr D Knight * 082 378 2210
Mev L Snyman * 082 965 4964



BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 14 AUGUSTUS 2023
DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 15 AUGUSTUS 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
BRANDFORT: JARICO BONSMARAS TOTALE UITVERKOPING
11:00, plaas Kareeboom
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
HENDRINA: ASTRO ANGUS PRODUKSIEVEILING
11:00, Driefontein Hendrina
Kontak Dave Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 16 AUGUSTUS 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Jaco Swanepoel 079 526 4637
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
NIGEL: BLOEMENDAL BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Nooitgedacht
Kontak Jurg Hywood 082 5786241
WOLMARANSSTAD: AMPTELIKE SAVM
11:00, Skougronde Boeresaal
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

DONDERDAG - 17 AUGUSTUS 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
VREDE: SUIDELIKE HOEVELD DRAKENSBERGER KLUB
11:00, Veilingskrale Vrede
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VRYDAG - 18 AUGUSTUS 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS & VRIENDE PRODUKSIEVEILING
11:00, Welkomspruit Ventersburg
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za